PSALM 6 : Help my, want U is getrou

Vir die koorleier: Met snarespel; met basstem. 'n Psalm van Dawid.
Refrein = Teks: TT Cloete 2001. Melodie: *Je supplie, ô Sire* – Guillaume Franc, Genève 1542

Refrein



Almal: Moet my tog nie in u toorn straf nie, Here, en my in u gramskap tugtig nie.
Vroue: Ontferm U oor my, Here, want ek kwyn weg,
maak my gesond, Here, want my liggaam is uitgeteer.
Mans: Ek is heeltemal gedaan. Hoe lank nog, Heer, voordat U uitkoms gee?
Vroue: Neem my weer onder u sorg, Here, en red my lewe. Help my, want U is getrou.
Mans: Iemand wat dood is, kan tog nie u Naam bely nie. Kan iemand in die doderyk U prys?
Refrein: Red my, U is getrou.
Vroue: Ek is uitgeput van verdriet, ek huil die hele nag deur, ek deurweek my bed met trane.
Mans: My oë het dof geword van verdriet, verswak deur wat my teëstanders my aandoen.
Refrein: Red my, U is getrou.
Vroue: Gee pad van my af, julle almal wat onreg doen,
want die Here het ag geslaan op my geroep om hulp.
Mans: die Here het geluister na my smeking, die Here het my gebed aangeneem.
Almal: Al my vyande sal beskaamd daarvan afkom, hulle sal verslae staan;
in 'n oogwink sal hulle beskaamd moet padgee.
Refrein: Red my, U is getrou.